



eduresourceza.com



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2018

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)
 3. Beantwoord al die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
 7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Eekhoring gee inbreker 'n nare verrassing – Hanti Otto



- 1 Met sy opgepofte stert wat regop staan en met sy neus nuuskierig in die lug, sit Joey, die eekhoring, op sy oubaas se skouer en bekyk die wêreld om hom – hy lyk te oulik vir woorde. Soos hy daar (of op die rusbank se lening) sit, lyk hy te oulik totdat jy die knaagdiernaels aan sy vingerpunte, wat hy soos 'n Mafiabaas voor hom saamvou, sien. Dit is dié gevaarlike kloutjies waarmee hy 'n inbreker aangeval en verjaag het.
- 2 "Die dekselse eekhoring het my aanhou aanval totdat ek by die huis uit is," het die ontstelde inbreker later aan die Meridian-polisie in Idaho in die VSA, gesê.
- 3 Dit was nie net gesteelde goedere, wat die inbreker by hom gehad het, wat hom in die tjoekie laat beland het nie, maar ook die merke wat Joey se naels en tande op sy hande gelaat het.
- 4 Die TV-kanaal Idaho ABC News het berig dat Adam Pearl, Joey se eienaar, verlede week gou iewers heen gery het en Joey in sy huis gelos het. "Toe ek tuis kom, het ek sneuspore in die oprit gesien. Die oomblik toe ek my voordeur oopsluit, kon ek sien iets het in die huis gebeur. Terwyl ek in die gang afgestap het, het ek gesien die deure wat ek toehou, is oopgemaak en daar was merke aan my vuurwapenkluks soos iemand dit probeer oopbreek het," sê Pearl.
- 5 Die dief het om die een of ander rede nie met baie weggekom nie, maar Pearl het die polisie nogtans ontbied. Terwyl Pearl se verklaring afgeneem is, het Joey tussen die polisievrout se bene deurgehardloop en soms op Pearl se skouer gaan sit. "Byt hy?" het die polisielid gevra. "Nie gewoonlik nie, maar hy bly maar 'n knaagdier; dus sal ek nie sê hybyt nooit nie," het Pearl gesê. Op daardie stadium het hy nog nie geweet wat 'n kwaai vegter sy troeteldier wel was nie.

6	'n Paar uur later was die polisievrout terug by Pearl se huis – met van die gesteelde goedere. Sy het gesê hulle het 'n man wat in besit was van die goed ingeneem vir ondervraging. Toe sien die polisievrout krapmerke aan die verdagte se hande en sy vra hom toe of hy die merke van 'n eekhoring gekry het.
7	Die skelm het kwaad geantwoord: "Ja! Die dekselse ding het my aanhou aanval en wou nie ophou totdat ek uit is nie!"
8	Terwyl Pearl vir Joey knibbel-eetgoedjies voer, sê hy: "Niemand glo dit nie. Wie kan sê hulle het 'n eekhoring wat hul huis oppas? Dis malligheid!"
9	Alhoewel dit gewoonlik net honde is, wat die eer het om "pa se goeie seun" genoem te word, kan ons ook met oortuiging sê dat Joey sy pa se goeie seun is. Dit blyk dus dat honde nie die enigste troeteldier is wat geweldig lojaal aan hulle eienaars is nie. Wie sou kon dink dat 'n eekhoring ook 'n goeie waghond sou wees?

[Bron: *Die Burger*, 21 Februarie 2017]

- 1.1 Watter **ooreenkoms** is daar tussen Joey en 'n Mafiabaas? (1)
- 1.2 Haal **een woord** uit paragraaf 1 aan wat aandui dat Joey *fisies met die inbreker baklei* het. (1)
- 1.3 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir "tjoekie" (paragraaf 3). (1)
- 1.4 Watter "wapens" het Joey gebruik om die inbreker weg te jaag? (1)
- 1.5 Adam Pearl het buite en binne sy huis tekens gesien dat iets nie reg was nie.
- 1.5.1 Wat was **die eerste teken** wat Adam **buite** sy huis gesien het? (1)
- 1.5.2 Wat was **die tweede teken** wat hy **binne** in sy huis gesien het? (1)
- 1.6 1.6.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
- Die inbreker het Adam Pearl se kluis oopgebreek. (1)
- 1.6.2 Haal **een woord** uit paragraaf 4 aan om jou antwoord in Vraag 1.6.1 te staaf. (1)
- 1.7 Watter **twee dinge** het vir die polisie bevestig dat hulle die inbreker gevang het? (2)
- 1.8 Wat is die doel van 'n waghond? (1)
- 1.9 Die titel van hierdie koerantartikel verwys na 'n "nare verrassing".
- Waarom was dit vir die inbreker juis 'n nare verrassing? (1)

[12]

VRAAG 2

VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Bloemfontein – Ruim 4 Slaapkamer Huis Te Koop!

Datum geadverteer: 28/03/2017
Prys: R4 500 000
Adres: Woodland Hills, Bloemfontein
Te koop deur: RE/MAX
Slaapkamers: Vier
Tipe woning: Huis
Badkamers: 3½
Parkering: 3 Motorhuise

Deel op 

Deel op 

Ruim vermaakarea met groot vensters.

Skuifdeure wat oopmaak op die swembad, tuin en braai-area maak van hierdie huis die ideale woonplek vir die natuurliefhebber.

Addisionele ekstras sluit in: 'n kroeg wat op 'n natuurresewaat uitkyk, 'n oop kaggel, aluminium geute en twee wateropgaartenks vir besproeiing.

Moenie hierdie geleentheid misloop nie!

Maak vandag nog 'n afspraak!



: Rhonolda van Zyl – 071 2851063 (RE/MAX Agent)

Vir addisionele navrae: RVZ@remax.co.za

[Verwerk uit: <<https://propertytube.com/za/property/>>]

- 2.1 In **watter voorstad** van Bloemfontein is hierdie huis geleë? (1)
- 2.2 Wie bied hierdie huis namens die eienaar te koop aan? (1)
- 2.3 Watter mense word deur hierdie tipe advertensie **geteiken**? (1)
- 2.4 Aan watter **sosiale netwerke** is hierdie advertensie gekoppel? (2)
- 2.5 Hoekom sal hierdie huis ideaal wees vir iemand wat van die natuur hou?
Noem **twee** redes. (2)
- 2.6 Wat dui die volgende teken in hierdie advertensie aan: ? (1)
- 2.7 Op watter **ander manier**, behalwe om haar te skakel, kan die leser vir die agent kontak? (1)

[9]

VRAAG 3**VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT**

Bestudeer die berig en die spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Vroue is toe nié so lief vir inkopies doen as wat almal dink nie – hulle bestee baie minder as mans in die meeste kategorieë. Volgens FNB se kredietkaartafdeling bestee vroue in alle kategorieë behalwe een – kruideniersware – minder as mans. Hulle is ook baie meer pligsgetrou met die afbetaling van hul kredietkaartskuld as mans. Mans is twee keer meer geneig om 'n betaling oor te slaan as vroue. Daar is 'n wanopvatting dat vroue te veel op hul kredietkaart bestee, veral aan nie-noodsaaklike items. Inligting wys egter dat mans se besteding baie meer is en dat hulle minder verantwoordelik is met die afbetaal van hul skuld. Die een kategorie waar vroue wel meer bestee, is kruideniersware. Hulle bestee 15% meer.

[Bron: <www.pressreader.com>]



[Bron: Die Burger, 1 September 2016]

- 3.1 Gee **jou eie sinvolle rede** waarom vrouens meer geld op kruideniersware as enige ander kategorie spandeer. (1)
- 3.2 Aan watter **twee sportsoorte** neem hierdie man deel? (2)
- 3.3 Watter **visuele aanduidings** is daar dat die man die winkeltrollie vorentoe stoot? (1)
- 3.4 3.4.1 Watter **stereotipiese beeld van vrouens** beeld die spotprent uit? (1)
- 3.4.2 **Hoe beklemtoon** die spotprenttekenaar se skets die beeld in Vraag 3.4.1? (1)
- 3.5 Die vrou is nie beïndruk dat haar man so baie geld spandeer het nie.
- 3.5.1 Hoe wys haar **liggaamstaal** dit? (1)
- 3.5.2 Hoe wys haar **gesigsuitdrukking** dit? Noem **een** voorbeeld. (1)
- 3.6 Die man stoot 'n winkeltrollie by sy huis in. Wat is ongewoon hieraan? (1)
- [9]

30 punte

AFDELING B**OPSOMMING****VRAAG 4****VYF OPINIES OOR DIE GEBRUIK VAN SELFONE BY DIE SKOOL**

Bestudeer die onderstaande prentjies en die geskrewe gedeeltes in die blokkies langsaan. Vyf verskillende mense gee hulle mening oor die gebruik van selfone by skole en elkeen gee telkens 'n rede vir sy/haar opinie. Skryf die vyf verskillende opinies neer en gee ook 'n rede vir elkeen van hierdie persone se opinie.

Onthou:

- Skryf net **elkeen se mening** en **die rede** vir hulle mening neer.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke punt moet sowel die persoon se opinie as **die rede** daarvoor bevat.
- Elke punt mag net een sin bevat. Gebruik voegwoorde om jou sinne te verleng.
- Nommer die punte van 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop na elke punt.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde wees nie.
- Skryf 'n woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

 Leerder:	Leerders ontvang gereeld boodskappe oor skoolaangeleenthede op hulle selfone. "Dit is belangrik dat ons by die skool toegang tot ons selfone het, want ons skool stuur al hulle korrespondensie per e-pos of SMS aan ons om papier te spaar," sê Louise Bester, 'n leerder by 'n privaatskool in Johannesburg.
 Skoolsielkundige:	"Sommige leerders voel senuweeagtig en bang, veral wanneer hulle hoërskool toe, of na 'n nuwe skool toe, moet gaan. As skoolsielkundiges moet ons ook omsien na al die leerders se emosionele welvaart. Dit is belangrik dat leerders heeltyd toegang tot hulle selfone moet hê. Dit laat hulle minder angstig voel as hulle weet dat hulle ouers net 'n oproep of SMS ver is."
 Onderwyseres:	"Dit is baie steurend om klas te gee as leerders heeltyd met hulle selfone besig is. Ek praat nou van gevalle waar selfone nie as deel van die les aangewend word nie. Ek sou verkies dat alle selfone aan die begin van 'n les ingeneem word sodat leerders hulle volle aandag aan die les kan gee," sê Elmarie Botha, 'n onderwyseres.

 Bekommerde ouer:	Marianne Gush: "Ek glo dat dit nie reg is om 'n kind se selfoon vir langer as 'n dag te konfiskeer as hulle dit sonder toestemming in die klaskamer gebruik het nie. Ons kinders is baie geheg aan hulle selfone en dit help ons as ouers ook om die heeltid met ons kinders in verbinding te bly."
 MTN Verteenwoordiger:	Mnr. Vogel: "Ons verkies dat jongmense die heeltid hul selfone gebruik. Tegnologie en sagteware verander aanhoudend; dus is dit belangrik vir leerders om hierdie veranderinge te bemeester. As hulle die heeltid hulle selfone gebruik, sal studente nie agterraak met die veranderinge wat so vinnig plaasvind nie."

[Bron van foto's: <images.google.com>]

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

Daarom – Ilina Stander

- 1 My profiel
- 2 is 'n spieëlskrikker,
- 3 my vel 'n dermatoloog se droom,
- 4 my arms en bene misliklank in die pad,
- 5 my bolip se dons bleek.
- 6 Tussen meisies: die groot krater.
- 7
- 8 Daarom antwoord ek nie
- 9 met my deurslaanstem nie,
- 10 kruip ek eerder onder my kuif
- 11 (ononderhandelbaar) weg
- 12 en oefen ek agteraf
- 13 my afsakbroek-stap.
- 14 Daarom bid ek die tyd om.
- 15
- 16 Intussen donder ek deure toe.

[Bron: *Toulopers: Verse vir Tieners* – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 5.1 Na watter fase van die seun se lewe verwys hierdie gedig? (1)
- 5.2 Verduidelik reëls 1–2 in jou eie woorde. (1)
- 5.3 Wat is die **doel** van die dubbelpunt in reël 6? (1)
- 5.4 5.4.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
Die seun het al begin skeer omdat hy al harde baard het.
- 5.4.2 Haal **een reël** uit die gedig aan om jou antwoord in Vraag 5.4.1 te motiveer. (1)
- 5.5 Na watter **twee verskillende dinge** verwys die woord "krater" (reël 6)? (2)

- 5.6 **Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.**

In reëls 7 en 8 het ons 'n voorbeeld van ...

- A onomatopee
- B 'n hiperbool
- C enjambement
- D eufemisme (1)

- 5.7 Watter aanduiding is daar in strofe 2 dat hierdie seun **ook hardkoppig** is? (1)

- 5.8 Skryf **een woord** neer wat **die emosie** van die seun in reël 14 beskryf. Bepaal jou antwoord **in die konteks van hierdie gedig.** (1)
[10]


VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Sterrekyker – Franci Greyling

- 1 Ek skryf 'n brief aan die man op die maan –
- 2 bladsye en bladsye vol.
- 3 Ek rol dit in 'n koker op,
- 4 bind dit aan 'n pyl
- 5 en skiet dit met 'n wilgerboog
- 6 dat dit hoog die lug inseil.
- 7 Ek sien hoe dit deur die sterre trek
- 8 en om die maan gaan draai
- 9 en al verder deur die donker lug
- 10 'n duisend briewe saai.
- 11 Nou wonder ek
- 12 – en wonder jy? –
- 13 het hy ooit sy pos gekry,
- 14 of sou daar iemand anders wees
- 15 wat al dié briewe dalk nou lees?



[Bron: *Toulopers: Verse vir Tieners* – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 6.1 6.1.1 Wat is die legende van "die man op die maan" (reël 1)? (1)
- 6.1.2 Hoekom rig die spreker haar brief aan die man op die maan? (1)
- 6.2 6.2.1 Haal **TWEE** woorde aan wat die beeld van Kupido in die gedig versterk. (1)
- 6.2.2 Watter tipe briewe skryf die spreker dus? (1)
- 6.3 Waarvan is die maan gewoonlik 'n simbool? (1)
- 6.4 **Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.**
- Reël 10: "'n duisend briewe saai" is 'n voorbeeld van 'n ...
- A eufemisme. (1)
- B hiperbool.
- C vergelyking.
- D metafoor.
- 6.5 Watter woord in die gedig dui die **wending** aan? (1)
- 6.6 Na wie verwys die "jy" in reël 12? (1)
- 6.7 Waarom plaas die digter reël 12 in parentese? (1)
- 6.8 Hoe hou die titel van die gedig verband met die tema? (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ons toekoms in die sterre – Solette Swanepoel

- 1 meneer Roux sê 'n supernova
- 2 is 'n sterreontploffing van lig
- 3 wat voor dit verdwyn helderder
- 4 as 'n hele sterrestelsel kan skyn

- 5 en terwyl meneer Roux oor sterwende sterre praat
- 6 leun jy onverwags oor na my
- 7 (op jou sterk arms)
- 8 en fluister jy wil oor vyftien jaar maan toe gaan
- 9 (en jou kuiltjies duik in jou wange)

- 10 ek styg op, raak ligter
- 11 perde hardloop in my hart

- 12 as jy maar net
- 13 aan my wou raak, van my wou hou –
- 14 wanneer jy oor vyftien jaar op die maan is
- 15 sal my ster uitgebrand wees
- 16 dan het ek al lankal vergeet van jou

[Bron: *Sterkykers: gedigte vir tieners* – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2016]


- 7.1 Bestudeer die **bou** van die gedig. Watter soort gedig is dit? (1)
- 7.2 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** uit strofe twee aan en **onderstreep** die gedeeltes om die alliterasie aan te dui. (1)
- 7.3 Reëls 7 en 9 is tussen hakies geskryf. Wat suggereer dit van die spreker? (2)
- 7.4 Wat suggereer die seun se kuiltjies van sy houding teenoor die spreker in reël 9? (1)
- 7.5 Haal 'n versreël aan wat bevestig dat die spreker **opgewonde/verheug** is dat die seun met haar gepraat het. (1)
- 7.6 7.6.1 Waarvan is die "ster" in reël 15 'n metafoor? (1)
- 7.6.2 Verduidelik die metafoor (in Vraag 7.6.1) deur na die inhoud van strofe 1 en na reëls 14–16 te verwys. (2)
- 7.7 **Waarom** maak die digter in reël 16 gebruik van **inversie**? (1)

[10]

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID**VRAAG 8 SINSTRUKTURE**

Bestudeer die spotprent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Bron: <<http://www.myvolk.co.za/resources/Boere%20Droogte.jpg>>]

8.1 Die boer sê: "Dit sal nie vandag reën nie."

Die boer sê dat ...

(1)

8.2 Die boer staan en kyk na die watermeter op sy plaas.

Gister ...

(1)

8.3 Die staat help die boere, want daar is 'n groot droogte in die Vrystaat.

Die staat help die boere omdat ...

(1)

8.4 Die stoep is vol stof. Die boer se vrou staan op die stoep.

Die stoep waarop ...

(1)

8.5 Dit het 'n jaar gelede op die plaas gereën. Dit het 'n jaar gelede oor die hele distrik gereën.

Dit het 'n jaar gelede op sowel ... as oor ... (1)

8.6 'n Groot donderstorm sal binnekort die droogte breek.

Die droogte ... (1)

8.7 Die boer gaan 'n nuwe watertenk koop sodat hy die reënwater kan opvang.

Die boer gaan 'n nuwe watertenk koop om ... (1)

8.8 Almal moet die reëls volg om water te bespaar.

Almal behoort ... om water te bespaar. (1)

8.9 Die boer het die windpomp herstel en sy vrou het die waterkanne vol water gemaak.

Die boer het die windpomp herstel; intussen ... (1)

8.10 Was dit al ooit so droog in die Vrystaat?

Nee, ... (1)

8.11 Hy sien die warrelwind wanneer dit oor die droë grond waai.

Verlede week ... (2)

[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordboek neer.



[Bron: <<http://cdn.24.co.za/files/Cms/General/d/3547/21e2089e5bf74976a0fcecd5b72d4f5.jpg>>]

Sommige mense **9.1 (glo/belowe – kies die korrekte woord)** dat dit maklik is om graad **9.2 (12 – skryf die woord uit)** te slaag. Dit sal net maklik wees as kinders reeds in graad een pligsgetrou begin werk.

As ons teruggedink na 12 jaar **9.3 (verlede/gelede – kies die korrekte woord)**, kan ons ook onthou hoe **9.4 (baie bang – skryf die intensiewe vorm neer)** sommige kinders was **9.5 (wanneer/toe – kies die korrekte woord)** hulle met skool begin het. Die sprong van **9.6 (nursery school – gee die korrekte Afrikaanse woord)** na die laerskool is groot.

Daar was **9.7 (kinders – gee die verkleiningsvorm van die woord)** wat aan hulle mammies se **9.8 (rok – gee die meervoud)** vasgeklou het. Party van hulle het selfs **9.9 (... – vul die korrekte voorsetsel in)** hulle mammies weggekrui. Dan het hulle kreukels in die mammies se **9.10 (stryk – gee die verlede deelwoord)** klere gemaak.

Die laerskool was seker die **9.11 (lekker – gee die oortreffende trap)** tyd van ons skoolloopbaan. Daar was **9.12 (min – gee die vergrotende trap)** huiswerk as op hoërskool en daar was meer tyd om aan baie **9.13 (sport – gee die meervoud)** deel te neem. Daar was nog nie soveel werk soos in die hoërskool nie, **9.14 (d.w.s. – skryf die afkorting uit)** daar was nog nie soveel druk op leerders om te presteer nie.

Ek moet **9.15 (herken/erken – kies die korrekte woord)** ek het **9.16 (... – vul die korrekte voornaamwoord in)** eie skoolloopbaan baie geniet. Ek sien nou uit na volgende jaar.

[8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE**By die lughawe**

Lees die inligting hieronder wat op die prentjie gebaseer is, deeglik deur. Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit. Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. Elke respons moet tussen 15–20 woorde lank wees. Die respons kan uit een of twee sinne bestaan.



[Bron: Google images]

- 10.1 Die man (A) was **te laat om sy vlug te haal**. Hy verduidelik waarom hy laat is en vra of daar plek op die volgende vlug is. Wat sê hy vir die dame agter die toonbank? (2)
- 10.2 Die dame agter die toonbank (B) **stel hom vriendelik gerus** dat hy op die volgende vlug na sy bestemming kan vlieg. Sy **gee ook 'n rede** hoekom hy op die vlug kan kom. Wat sê sy vir die man? (2)
- 10.3 Die vrou (C) **is ontsteld** omdat haar kinders nie langs haar op die vliegtuig gaan sit nie. **Watter rede** gee sy vir die dame agter die toonbank *dat dit nie aanvaarbaar is nie*? (2)
- 10.4 Die jong dogtertjie (D) is **baie bang** om alleen op die vliegtuig te sit. **Sy gee ook 'n rede** hoekom sy so voel. Wat sê sy vir haar ma? (2)
- 10.5 'n Personeellid van die lughawe *kondig oor die interkom aan* dat vlug JE224 vertraag is. Sê **hoe lank** die vertraging is en **gee ook die rede** waarom die vlug nie meer betyds is nie. Wat sê die personeellid? (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte